Acta Academica 2003 35(2): 1-34

Pieter Kapp

Serieuse selfstandige soeker: C M van den Heever (1902-1957)

Eerste voorlegging: September 2002

Die Afrikaanse skrywer en digter C M van den Heever was die eerste professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand. Gedurende die duur van sy aanstelling (1933-1957) het hy 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Afrikaanse kultuurlewe in Johannesburg en in die vertolking van gebeure en ontwikkelinge in die literatuur en in die kultuurpolitiek gespeel. Hy was 'n toegewyde ondersteuner van noue kultuurbande tussen Nederland, Vlaandere en die Afrikaanse wêreld. Hy was 'n sterk ondersteuner van generaal J B M Hertzog se beleid van versoening tussen Afrikaans- en Engelssprekendes en 'n kritikus van die kultuurpolitiek van sommige leidende Suid-Afrikaners van sy tyd, Afrikaans- én Engelssprekend. Hy word oor die algemeen as die eerste Dertiger beskou, hoewel sy latere ontwikkeling nie tipies van die Dertigers is nie. In sommige van sy kultuurbeskouinge was hy 'n voorloper van N P van Wyk Louw, veral oor die rol van Afrikaanse intellektueles, oor die belangrikheid van kritiese denke en ten opsigte van sy pleidooie vir 'n liberale Afrikanernasionalisme.

A profound thinker with an independent cast of mind: C M van den Heever (1902-1957)

The Afrikaans poet and author C M van den Heever was the first professor of Afrikaans and Dutch at the University of the Witwatersrand. During the term of his appointment (1933-1957) he played a key role in the development of Afrikaans cultural life in Johannesburg and in interpreting events and developments in the fields of literature and cultural politics. He was a dedicated supporter of close ties between the Dutch, Flemish and Afrikaans cultures. He strongly approved Prime Minister J B M Hertzog's policy of reconciliation between Afrikaans- and English-speaking South Africans and criticised the cultural politics of many leading Afrikaans- and English-speaking South Africans of his day. He is generally regarded as the first writer of the Thirties generation, although his work did not develop along the lines that later became typical of the *Dertigers*. In some ways he was a forerunner of N P van Wyk Louw's ideas on the role of Afrikaner intellectuals, the importance of critical thought and the need for a liberal Afrikaner nationalism.

Prof P H Kapp, Navorsingsgenoot, Dept Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300; Oranjelaan 19, Stellenbosch 7600; E-pos: pkapp @wam.co.za

In sy kort biografiese skets van Christiaan Mauritz van den Heever sê André Brink dat "[d]ie latere geskiedskrywer sal moet vasstel hoe groot en belangrik Van den Heever se bydrae as kultuurleier op so 'n strategiese plek as die Rand was".[1] Brink verwys na hom as roman- en kortverhaalskrywer, digter, essayis, joernalis, kultuurstryder en akademikus.[2] Omdat die eersgenoemde drie aspekte van sy werksaamhede verreweg oorheersend is, is daaroor al veel geskryf. Oor sy werk as kultuurstryder is daar kort na sy dood enkele bydraes van betekenis gelewer, maar daar is nog nie gepoog om 'n historiese perspektief daarop te probeer ontwikkel nie. Die herdenking van sy geboorte 100 jaar gelede is dus 'n geleentheid om ook na hierdie aspek van C M van den Heever ondersoek te doen. 'n Verrassende resultaat van die ondersoek is die ontdekking dat Van den Heever se denke en werk, in terme van die kultuurproblematiek wat hy hanteer het, in vandag se andersoortige omstandighede verbasend aktueel is. Hy het hom in die jare dertig tot vyftig besig gehou met wat hy beskou het as die wesensaspekte en die toekomsmoontlikhede van die Afrikaanse taal en kultuur. Dit is vraagstukke wat vandag weer, in radikaal ander omstandighede, aan die orde is. Die problematiek waarmee hy in die besondere tydsgewrig net voor en na die Tweede Wêreldoorlog geworstel het en die politiek-ekonomiese toestande wat tóé in Suid-Afrika geheers het, is ook die problematiek van vandag, met ander omstandighede en ander rolspelers en kragte wat werksaam is. Sy siening van sake is verrassend hedendaags, hoewel gestel in die idioom van sy tyd. 'n Mens kan inderdaad die vraag stel: wat sou Van den Heever se standpunt wees oor die toekoms van Afrikaans as kultuur-, wetenskaps- en onderrigtaal in vandag se omstandighede?

Van den Heever se kultuurrol moet in die besondere omstandighede van daardie tyd gesien en beoordeel word. Dit is daarom belangrik om eers te let op wat die tydsomstandighede was wat noodwendig op sy denke en dade 'n invloed uitgeoefen het.

1 P J Nienaber, *Gedenkboek C M van den Heever, 1902-1957* (Johannesburg: APB, 1959): 96.

2 *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV* (Pretoria: RGN, 1981): 719.

1. Tydsomstandighede

C M van den Heever is op 27 Februarie 1902 in die konsentrasiekamp op Norvalspont gebore en het op die plaas Poortjie in die distrik Trompsburg grootgeword. Die plaaslewe het 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak, soos dit later in sy romans duidelike inhoud sou kry. Toe die plaas, na sy vader se dood in 1949, op 25 Januarie 1950 verkoop is, was dit vir Van den Heever die afsluiting van 'n deel van sy lewe. Hy self het vir hom 'n klein plasie langs die Vaalrivier gekoop, waar hy sy liefde vir die natuur en die grond kon uitleef. Tot standerd vier het hy die plaasskool Krugerspoor besoek en is daarna na Grey Kollege in Bloemfontein. Hy was sterk onder die invloed van sy oupa, wat 'n leiersfiguur en 'n patriarg in die gemeenskap en 'n ernstig godsdienstige mens was.[3] Van den Heever was 'n knap en gewilde leerling wie se opgeruimdheid, oorspronklike segswyse en raak humor vir sy medeskoliere en onderwysers beïndruk het. Hy het veral in geskiedenis en letterkunde uitgeblink en was besonder gewild by sy mede-skoliere en die onderwysers. Hy was bekend as iemand met 'n besondere sin vir humor, 'n gevatte woordgebruik en 'n positiewe en konstruktiewe benadering van sake. Sy skool- en universiteitsmaat en latere redakteur van *Dagbreek en Sondagnuus*, Willem van Heerden, maak juis melding van die feit dat sy vermoë om raak en fyn te spot in teenstelling is met die latere swaarmoedigheid wat dikwels sy werk as skrywer gekenmerk het.[4]

Na matriek het hy 'n kort rukkie as onderwyser en staatsamptenaar gewerk[5] ten einde sy begeerte om verder te studeer te kon verwesenlik. In 1922 is hy na die Grey Universiteitskollege, waar hy in 1924 die BA-graad met Hollands (dws Afrikaans en Nederlands) en Geskiedenis as hoofvakke behaal het. Hy was aanvanklik van plan om verder in Geskiedenis te studeer, maar prof A Francken het hom oorreed om sy meestersgraad in Afrikaans onder hom en prof D F Malherbe te verwerf. Na sy BA het hy 'n ruk lank as joernalis gewerk by

3 Van den Heever het in 'n stadium 'n spesiale kort dagboek oor sy oupa en sy vader se siekte en dood aangehou, waarvan net fragmente behoue gebly het (NALN, Kb CM van den Heever A-K).

4 Willem van Heerden, Die denker, P J Nienaber (red), *Gedenkboek C M van den Heever, 1902-1957* (Johannesburg: APB, 1959): 57.

5 NALN, Kb CM van den Heever A-K: Brokstukke van 'n biografie.

Die Landbouweekblad en later *Die Volksblad*, waar hy onder andere die kultuurblad hanteer het. In 1926 het hy sy MA-graad met onderskeiding verwerf en die Porter-stipendium vir buitelandse studie ontvang. Sy huwelik met Martie Klopper in 1927 het 'n verbintenis tussen twee persoonlikhede geskep wat elkeen aktief by die Afrikaanse kultuurstrewe en -lewe in Johannesburg betrokke sou raak. Sy was iemand met 'n sterk persoonlikheid wat 'n leidende rol in Afrikaanse vroueverenigings in Johannesburg sou speel. Uit die huwelik is twee dogters en 'n seun gebore.

In 1928 is Van den Heever na Utrecht, waar hy sy studie onder leiding van prof C G N de Vooys voortgesit het. Sy Nederlandse verblyf sou 'n onuitwisbare stempel op hom afdruk. Dit was hier waar hy besonder sterk onder die indruk van die Vlaamse en Nederlandse kultuur en Europese geestestrominge gekom het en waar hy sy bewondering vir die Tagtigers en Vlaamse digters soos Guido Gezelle, Karel van de Woestijne, Stijn Streuvels, Cyriel Buyse en veral August Vermeylen ontwikkel het. Hy was van die begin af besonder geïnteresseerd in die Vlaamse Beweging omdat hy bepaalde parallelle tussen die Vlaamse en Afrikaanse taal- en kultuuromstandighede gesien het. Daarom het hy 'n studie van die Vlaamse Beweging gemaak en heelwat van die insigte wat hy daar bekom het, later op die posisie van die Afrikaanse kultuurlewe van toepassing gemaak. Sy persoonlike ontmoetings met Willem Kloos, Frederick van Eeden en later ook P C Boutens het sy waardering vir die Nederlandse letterkunde 'n besondere innigheid gegee. Terselfdertyd het dit hom ook van die nydigheid tussen groot kunstenaars bewus gemaak, 'n tema waaroor hy heelwat sou skryf. Hy sou in sy eie lewe ook dergelike ervaringe beleef, wat sy vertroue in mense geskaad het.

In Nederland het hy hom ook in die filosofie en die Europese letterkunde verdiep. Dit sou 'n belangrike rol speel in sy latere beoordeling van die gebeure in Europa voor die Tweede Wêreldoorlog. Sy diep godsdienstige oortuiging, waarop sy oupa Wynand so 'n vormende invloed uitgeoefen het, is verder verdiep tot 'n godsdienstige mistisisme, wat sterk uit sy digkuns sou spreek en sy kultuurbeskouing sou vorm. Sy studie van die werk van Oswald Spengler oor die verwagte ondergang van die Westerse beskawing het 'n kwellingsatmosfeer in sy kultuurbeskouing meegebring wat 'n variant was van

die swaarmoedige trek wat ook aspekte van sy letterkunde kenmerk.[6] Sy skerp kritiek op die kultuurloosheid van Afrikaners en op die oorheersing van die geldmag weerspieël hierdie invloed. In die werk van die Spanjaard Ortega Y Gasset het hy kennis gemaak met beskouings oor die massafisering van die samelewing, waar nie na geestelike en kulturele hoogtes gestrewe word nie, maar na 'n omlaagbuigende oppervlakkigheid wat teen betekenisvolle waardes werk en alleen op die bevrediging van die mees basiese behoefte aan besittings en vermaak gerig is. Hierdie kombinasie van swaarwigtigheid en mistiekheid is deur sy studie van Schopenhauer en Spinoza versterk. Dit is teen hierdie intellektuele agtergrond dat hy ná sy terugkeer na Suid-Afrika hom met 'n kombinasie van idealisme en ontnugtering aan die bevordering van die Afrikaanse kultuurlewe sou wy. Een van sy gespreksgenote uit sy studentejare was N J Diederichs, wat hoogleraar in Wysbegeerte aan die Universiteitskollege van die Vrystaat geword het.[7]

In 1929 het hy sy doktorale eksamen afgelê en terwyl hy 'n tydelike dosent in sy ou departement was, sy proefskrif oor die digkuns van Totius onder D F Malherbe voltooi. Sy aanstelling as eerste hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1933 sou twee belangrike gevolge hê. Hy verhuis na die groot stad, waar hy die harde werklikhede van die ekonomiese depressie en die verstedeliking van die arm Afrikaners van naby sou leer ken. Tweedens het dit beteken dat hy in 'n Engelsimperiale omgewing moes werk, waar hy daagliks tot nadenke oor sy siening van landsake gedwing was en waar hy ook standpunt oor aktuele kwessies van die politiek moes inneem. Hy bevind hom dus in 'n atmosfeer waar die politieke gebeure van die jare dertig uit heeltemal 'n ander hoek bekyk is as waaraan hy gewoond was. Hy bevind hom in die omgewing waar genl Smuts en Jan Hofmeyr as die belangrike politieke leiers beskou is en waar die Afrikanerpolitiek en kultuur nie net met agterdog nie, maar ook dikwels met minagting bejeën is.

6 Vergelyk byvoorbeeld sy gedig "Eenmaal" in die bundel *Aardse Vlam*.

7 Abel Coetzee, *C M van den Heever. Die wese van sy kuns* (Pretoria: Van Schaik, 1936): 112. Vergelyk D J Opperman se opmerkings oor die invloed van Schopenhauer se pessimisme op die rasionalisasie van Van den Heever se swaarmoedigheid, veral in sy digbundel *Deining* (1932), D J Opperman, *Digters van Dertig* (Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953): 14.

Johannesburg was die sentrum van die gevolge van die sosiaal-ekonomiese toestande wat deur die depressie veroorsaak is. Die mynbedryf, en in besonder die arbeidersbewegings onder die mynwerkers wat vir radikale anti-kapitalistiese opvattinge vatbaar was, het die milieu bepaal waarin die verstedelikende Afrikaners hulself moes vind. Armoede, werkloosheid en geestelike en kulturele vervreemding en verwildering het die Afrikaanse eertydse plattelandse mense in die stad in die gesig gestaar. Die ontvolking van die platteland, waaroor Van den Heever so besorg was, het vir hom nie net 'n ekonomiese krisis verteenwoordig nie, maar 'n kultuurkrisis. Sterk onder die invloed van Vlaamse skrywers, het dit Van den Heever veral gehinder dat met die ontredderende verstedeliking ook 'n totale verlies aan die Afrikaanse plattelandse kultuur gepaard gaan. Die inhoud en gees van die Afrikaanse kultuurlewe was syns insiens plattelands en hy was diep bekommerd oor die vermoë van hierdie kultuur om aanpassing by die stad en die lewenswyse van die massamens moontlik te maak.

Van die uitwerking wat hierdie proses op die verstedeliking van swartes gehad het, was Van den Heever nie onbewus nie, maar dit het nie ernstig tot hom gespreek nie. Van die geleidelike ontwaking in Afrika het hy wel tydens 'n besoek aan Dakar bewus geword, maar dit het hom eerder oortuig van die noodsaak dat die Europese koloniale moondhede die Europese beskawing moet verdedig, as wat dit hom sensitief gemaak het vir die ontwaking van 'n Afrika-bewussyn. Vir die Oosterse beskawings het hy daarenteen 'n waardering gehad, omdat hulle juis nie die massabelange nie, maar die fyn waardes van die gees voorop gestel het.

Anders as 'n hele aantal jong Afrikaners wat in die jare twintig en dertig in die buiteland gestudeer het, het Van den Heever geen belangstelling in die kommunisme, die nasionaal-sosialisme, die fascisme of die ideologiese strominge in Japan getoon nie. Hy het hom buite hierdie politiek-ideologiese gebeure geplaas en veel eerder vanuit die Europese filosofie en letterkunde daarna gekyk. Daarom het Dostojewski en Tolstoi se uitbeelding van die siel van die Russiese mens sterker tot hom gespreek, en Hamsun en Undset se Skandinawiese romantisme en die flair van die Franse skrywer Gustav Flaubert sy denkwêreld verruim. Die dreigende oorlog het hom meer bewus

gemaak van die geweldige mag en invloed van propaganda en die onvermoë van die gewone mens om vir homself te dink. Die wyse waarop propaganda mense se waardes oorgeneem het en hulle tot geweld en oorlog aangevuur het, het hy met 'n diepe beklemming gadegeslaan omdat dit soveel belowends wat in die kultuurlewe geskep is, vernietig het.

Die oorheersing van politiek-ideologiese belange het hom ontstel. Dit was nie net die opkoms van ideologieë en diktature in Europa wat sy soeke na die plek en waarde van die kultuur gemotiveer het nie, maar ook die politieke verdeeldheid wat sedert 1933 in Suid-Afrika geheers het en die Afrikanertwis en mobilisering vir politieke doeleindes wat daaruit voortgevloei het. Die politieke venynigheid wat die jare dertig en veertig gekenmerk het, het vir beide sy sensitiwiteit oor kultuurwaardes en sy persoonlike politieke denke en standpunt implikasies gehad. Sy vader was vanaf 1912 'n Hertzog-ondersteuner en sedert die stigting van die Nasionale Party 'n ondersteuner van dié party. Van den Heever was 'n getroue Hertzog-ondersteuner en met die breuk tussen dr Malan en die Gesuiwerde Nasionale Party het Van den Heever lojaal aan Hertzog gebly en later aan N C Havenga. Die strewe na samewerking met die magtige Engelse kultuur sonder om in enige opsig daaraan ondergeskik te raak, het 'n belangrike deel van sy strewe geword.[8] Hierdie lojaliteit het 'n belangrike invloed op sy siening van kultuurvraagstukke gehad. Opperman vestig die aandag daarop dat Van den Heever se bundel *Aardse Vlam* (1938) — wat Opperman as 'n hoogtepunt in sy poësie beskou — juis die onderlinge stryd tussen Afrikaners genuanseerd verbeeld.[9] In die tyd waarin die Groot Trek emosioneel herdenk is, het heelwat nasionale verse van talle digters verskyn. By Van den Heever is dit grootliks afwesig.

Dit is vanweë hierdie lojaliteit aan Hertzog dat hy die lywige biografie geskryf het wat kort na Hertzog se dood in 1943 verskyn het.

8 Hoe Van den Heever die ongebalanseerde verhouding tussen die twee en die Engelse wanbegrip vir die Afrikaanse kultuur gesien het, word goed saamgevat in sy artikel "Standards of value in South Africa" in *SA Panorama* (datum en uitgawe nie aangedui nie). 'n Kopie van die artikel is in die C M van den Heever-versameling by NALN.

9 D J Opperman, *Digters van Dertig* (Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953): 147.

Dié werk het hy as "'n daad van eenvoudige regverdigheid" verrig omdat hy die wanbegrip oor Hertzog se nasionalisme by Afrikaners vanweë die politieke skeuring van 1934 skokkend gevind het.[10] Hy was 'n sterk ondersteuner van Hertzog se tweestroombeleid asook sy beleid van samewerking en eenheid na die samesmelting van die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party in 1934 om die Verenigde Nasionale Suid-Afrikaanse Party te vorm. Hy het die Nasionaliste se kritiek op Hertzog veroordeel en hulle aanspraak dat hulle die ware belange van die Afrikaner verteenwoordig, verwerp. Hy het persoonlik ervaar dat hy in Afrikaanse geledere deur Nasionaliste met wantroue bejeën is omdat hy tot Hertzog se dood 'n SAP was (dit wil sê 'n ondersteuner van die Verenigde Party van Hertzog). Ook die feit dat hy 'n medewerker van *Die Vaderland* was, wat Hertzog ondersteun het, is teen hom gehou.[11] In 1939 het hy as gevolg van die twis onder Afrikaners en wat hy as die verdagmakery van Hertzog-ondersteuners beskou het, as lid van die Broederbond bedank.[12] In die Broederbond het hy en N P van Wyk Louw in 1937 regstreeks verskil oor die hantering van die belange van die Afrikaanse mynwerkers.[13]

Van den Heever het sy biografie oor Hertzog nie net as 'n persoonlike ereskuld beskou nie. Hy was van plan om ook Hertzog se briewe te publiseer.[14] Hy het ook gereeld deelgeneem aan herdenkingsbyeenkomste by die graf van genl Hertzog en het hom beywer vir die oprigting van die gedenksteen op sy graf. Hy het dieselfde lojaliteit teenoor N C (Klasie) Havenga geopenbaar en was ten diepste geskok toe Havenga nie as dr D F Malan se opvolger as Eerste Minister aangewys is nie.

10 P J Nienaber, *Afrikaanse skrywers aan die woord* (Johannesburg: APB, 1947): 184.

11 *Die Vaderland*, 21 September 1938. Die volgende koerantopskrif in *Die Transvaler* 13 Oktober 1938 illustreer die verbitterde politieke propaganda wat die kultuurlewe bedreig het en waarteen Van den Heever hom so sterk gewend het: "Prof C M van den Heever, Verenigde Party-koerant propagandis".

12 NALN, C M van den Heever-dokumente Mss 091 HEE: C M van den Heever — Sekretaris Afrikaanse Broederbond, 14 April 1939.

13 J C Steyn, *N P van Wyk Louw* (Kaapstad: Tafelberg, 1998) deel 1: 181.

14 NALN, C M van den Heever-dokumente Mss 160/98: C M — Jan Ploeger, 18 Oktober 1943.

By geleentheid van 'n Akademiefunksie in Pretoria op 7 November 1953, waar Van den Heever namens die Akademie ere-lidmaatskap aan dr Malan moes oorhandig, het dr Malan hom vertroulik meegedeel dat genl Smuts se beeld as die groot vriend van die Britse regering en die Britse Ryk op 'n stukkie fyn politiek berus. Smuts het naamlik, soos Malan as Eerste Minister, toegang gehad tot die *Top Secret File* waarin alle vertroulike inligting wat die Britse regering met Gemenebes-premiers wou deel, vervat is. Wanneer Smuts dit gelees het, het hy dadelik 'n verhoog gekies om aan die Britse regering presies dié advies te gee wat in die geheime lêer vervat is. Dan was die publiek gewoonlik gaande oor Smuts se merkwaardige kennis, insig en goeie advies![15] Hoe goed Van den Heever se vertrouensverhouding met Havenga was, blyk uit 'n soortgelyke inskrywing in sy dagboek. Op 28 September 1954 het hy saam met Havenga middagete genuttig toe dié hom meedeel wat net Havenga, en dr en mev Malan, op daardie tydstip geweet het. Dr Malan sou op 11 Oktober die kabinet byeenroep, sy bedanking as Eerste Minister aankondig en die Goewerneur-Generaal versoek om Havenga in sy plek as Eerste Minister aan te stel. Hieroor was Havenga baie opgewonde, wat Van den Heever laat opmerk het dat daar nuwe lewenskrag en energie uit hom straal.[16] Van den Heever was bewus van die ambisies van J G Strijdom en die Transvaalse Volksraadslede en dat hulle waarskynlik daarop gaan aandring dat die koukus die leier kies. As dit sou gebeur, het Van den Heever vertroulik verneem, sou dr Malan 'n brief openbaar maak waarin Strijdom voor die verkiesing van 1948 hom teen samewerking met Havenga en die Afrikaner Party uitgespreek het.

Die feit dat gebeure nie so verloop het nie, was vir Van den Heever 'n skok. Oor Havenga se besluit om nie teen Strijdom 'n verkiesing te voer nie, skryf Van den Heever in sy dagboek:

> Dit is seker die bitterste kelk wat hy [Havenga] so ver moes ledig. Hy was die bouer van die eenheid waardeur die regering in 1948 aan bewind gekom het. Sy trou aan dr Malan en sy gegewe woord is deur almal geroem. Die skok moes vir hom intens gewees het toe blyk dat hulle nie die nodige vertroue in hom het nie. Daar heers allerweë buite die Strijdom-volgelinge om, diep verslaenheid onder die Afrikaners. Dit is duidelik, soos die afgelope paar jaar met die

15 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 9 November 1953.
16 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 29 September 1954.

> onwelvoeglike tydskrifte geblyk het wat so baie lesers gevind het, dat die Afrikaner sy waarde-oordeel totaal kwyt is.[17]

Hoe persoonlik Van den Heever hom die verwerping van Hertzog en Havenga aangetrek het, blyk uit die feit dat hy hulle vereensaming met sy eie begin gelykstel het. Die kritiek op sy letterkundige werk, wat na die oorlog nie weer die hoogtepunte van vroeër bereik het nie, het hom soos Hertzog en Havenga laat voel. Dit blyk uit die volgende inskrywing in sy dagboek:

> Niemand protesteer nie; die politiek het ons mense reeds so afgestomp dat hulle nie eers die onbehoorlike van mnr Havenga se behandeling besef nie. Met genl Hertzog was dit net so! Toe genl H op sterwe gelê het, het dr M vir Strijdom aangesê om van hom afskeid te neem. Strijdom het geweier.[18]

In hierdie tyd het Van den Heever ook sy samewerking aan *Die Vaderland* onttrek. Een van die laaste inskrywings in sy dagboek handel oor die spanning tussen dr T E Dönges en J G Stijdom. Hy verwag 'n skeuring wat 'n ramp vir Afrikaanse eenheid sou wees.[19] Sy frustrasie met die politiek en politici het 'n hoogtepunt bereik toe hy in Oktober 1953 op 'n onthaal wat die Nederlandse ambassadeur vir die besoekende Nederlandse Eerste Minister, dr Drees, aangebied het, in die geselskap van ministers Strijdom, Paul Sauer en Ben Schoeman tereg gekom het. Hulle oppervlakkigheid het hom geskok: "Dit is hol en eintlik 'n bietjie pateties".[20]

2. Die toekoms van die Afrikaanse kultuur

Van den Heever se terugkeer na Suid-Afrika in 1929 het saamgeval met 'n besondere tydperk van kultuurbewustheid en -mobilisering onder Afrikaners. Teen die agtergrond van sy politieke sentimente en die Europese intellektuele beïnvloeding wat hy ondergaan het, kan die hooftemas van Van den Heever se kulturele denke en strewe ondersoek word. Hy wou nie net deur sy letterkundige werk nie, maar veral deur sy denke leiding gee oor die pad wat geloop moet word en deur sy optrede 'n konstruktiewe bydrae lewer om hierdie ideale te bevorder.

17 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 1 Desember 1954.
18 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 31 Desember 1954.
19 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 5 Oktober 1956.
20 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 13 Oktober 1953.

Van den Heever wou die verarmde Afrikaners in die stede ophef. Dit wou hy bereik deur hulle bewus te maak daarvan dat hulle uit 'n landelike kultuur kom waarin veel moois en goed was. Heelwat van sy plattelandse romans dra dan ook, benewens die eg menslike drama van eiebelang en begeertes wat daarin vervat is, dikwels die uitbeelding van boerekarakters in die romantiese gees van D F Malherbe: eenvoudige goeie mense wat uit hulle diep godsdienstige wortels met die rampe van die natuur en die harde boerelewe worstel. In hierdie proses van opheffing wou hy hulle ook beskerm teen die massapropaganda en die invloed van politieke ideologieë. Die waardigheid van hulle Europese erfenis en die egtheid van hulle landelike lewenswyse en waardes moes in die stad gehandhaaf en vertroetel word. Van den Heever het nie die vermoë van Afrikaners om 'n nuwe stedelike kultuur te ontwikkel, verstaan nie. Dat dit juis in die Johannesburg waar hy gewerk het sou gebeur, en dat sy eie bydrae daartoe histories gesien nie gering was nie, het hy self nie begryp nie. Daarom die neerslagtigheid wat dikwels in sy dagboek voorkom en die swaarwigtigheid wat sy romans en digkuns meermale sou kenmerk.

Die Afrikaanse taal was vir hom die hoofelement van die Afrikaanse kultuur. Daarom het hy die behoud van suiwer taalgebruik en die motivering van Afrikaners om trots op hulle taal te wees, hoog op sy agenda gestaan. Veral in die besondere posisie waarin hy hom aan 'n Engelse universiteit bevind het, het dit vir hom des te meer 'n saak van voorkeur gemaak. Die ondersteuning van die rektor van Wits, prof E H Raikes, het hy in hierdie opsig hoog aangeslaan. Die handhawing van hoë standaarde en 'n aktiewe Afrikaanse intellektuele lewe het hy met die hulp van 'n besondere vriendekring wat hy in die Afrikaanse Skrywerskring om hom versamel het, probeer bereik. Die klassikus T J Haarhoff en die kontak met die Afrikaanse pers en die boekhandel en radio was vir hom almal middele om hierdie ideaal te bevorder.

In hierdie vriendekring het die begrip die "Afrikaanse Gedagte" gestalte gekry om aan Van den Heever se ideale uitdrukking te gee. Sy kollega Abel Coetzee het juis onder sy leiding 'n proefskrif voltooi oor *Die opkoms van die Afrikaanse gedagte aan die Rand*.[21] In die lig van

21 Gepubliseer in Johannesburg deur Afrikaanse Pers Boekhandel, 1936.

die groot aantal Afrikaanse kultuuraktiwiteite wat in hierdie tyd in Johannesburg gekonsentreer geraak het — die FAK (gestig 1929), die ATKV (gestig 1930), Spoorbond (gestig 1933), Handhawersbond (gestig 1933), die Afrikaner Broederbond (gestig 1918), die Kunsvereniging (gestig 1923), die Afrikaanse Skrywerskring (gestig 1934) — was dit duidelik dat die georganiseerde Afrikaanse gemeenskap die heropbou van die Afrikaanse gemeenskapslewe en kultuur besonder ernstig bejeën het.[22] In 'n reeks opstelle wat later in drie boeke gebundel is en waarvan een juis die titel *Die Afrikaanse gedagte* gehad het, het Van den Heever sy strewe verantwoord.[23] Die tydsomstandighede by die verskyning van elkeen van die drie boeke is belangrik: *Die Afrikaanse gedagte* verskyn kort na samesmelting en die politieke skeuring in die Nasionale Party, met die gevolge wat dit vir die Afrikaanse kultuurlewe gehad het. Dit is ook die tydperk van die opkoms van Hitler, die aggressie van Mussolini en van Japan en die gewelddadige deurvoering van kommunisme in die Sowjet-Unie. Vir Van den Heever het dit gelyk of die Westerse wêreld magteloos staan teenoor hierdie omwentelinge, terwyl die sosialisme daarop aanspraak gemaak het dat hulle namens die massa-werkersklas die samelewing kon red. *Die stryd om ewewig* verskyn in die oorlogsjare wanneer dit skyn of die wêreld aan geweld oorgegee is en alle sin vir die redelike verdwyn het. In Suid-Afrika is dit die tyd van hewige twis tussen nuwe organisasies soos die Ossewa-Brandwag en die Grys Hemde, wat daarop aanspraak maak dat hulle die nuwe toekoms vir die Afrikaner gaan skep. *Mens en woord* verskyn na die oorlog te midde van die toenemende ontnugtering dat die oorlog geen einde aan geweld en spanning in die wêreld gebring het nie. Die ideologiese stryd van die Koue Oorlog begin vorm aanneem en eens kultuurryke lande van Sentraal- en Oos-Europa begin agter die Ystergordyn verdwyn.

Van den Heever soek na antwoorde op die vrae oor die toekoms van die Westerse beskawing en wat dit impliseer vir die toekoms van die klein Afrikanervolk. Sonder die voortbestaan van die Westerse

22 Vir 'n uiteensetting van hierdie opbouproses sien E L P Stals, *Afrikaners in die Goudstad* (Pretoria: HAUM, 1986) deel 2.

23 C M van den Heever, *Die Afrikaanse gedagte* (Pretoria: Van Schaik, 1935); *Die stryd om ewewig. Opstelle oor ons strewe na kulturele selfstandigheid* (Kaapstad: Nasionale Pers, 1941); *Mens en woord* (Johannesburg: APB, 1947).

beskawing kan die Afrikaanse Gedagte nie hoop om voort te bestaan nie. Die Afrikaanse Gedagte, sê hy nog optimisties in 1935,[24] is die groot stukrag van ons geskiedenis,

> 'n eenheidsvormende mag wat oral deurgewerk het in ons volksbestaan, uit die aarde en lug tot ons kom en uiteindelik van almal wat in Suid-Afrika woon, watter taal hulle ookal praat, wortelvaste Afrikaners sal maak wat tot eenheid vergroei is deur eenheid van oortuiging.

Die Afrikaanse volkslewe word ondermyn deur ekonomiese euwels en politieke onverdraagsaamheid wat die wortels van 'n waardevolle maatskaplike en kulturele oplewing stadigaan wegvreet. In die kader van die oplewing van 'n kultuurbewustheid in die jare dertig verklaar Van den Heever dat daarna gestreef moet word om "die sterk opbruisende volkskragte wat vandag in waardelose kanale vervloei", in te span in diens van die Afrikaanse Gedagte,

> wat as sy ondervertakkings tel 'n suiwere nasionale gevoel, 'n kragtige letterkunde, 'n gesonde maatskaplike lewe en 'n waardige toewyding aan die hoogste nasiediens.

Dan sal

> die kleinlikheid verdwyn, die politiek sal tot sy behoorlike terrein teruggedwing word, die leë gespeel met sentiment sal vervlugtig, en ons volk sal sy eenheid vind in die diepte van besonkenheid en aan die wyse oewers van ware kultuur. Op die oomblik het ons 'n onrustige stryd om suiwer vorm te gee aan 'n kragtige gees.[25]

Met die oog daarop rus daar op die kunstenaars en die intellektuele elite 'n besondere verantwoordelikheid. Dit is hulle wat moet verhoed dat massamag en -invloed, materiële oorwegings en politieke kragtoere die kultuurlewe kaap. Daarom moet die intellektuele inhoud van die Afrikaanse Gedagte voorkeur kry, want sonder 'n ideaal of idee wat hom lei, bly 'n volk hulpeloos in sy "benede-kultuurvlak". Van den Heever gebruik Gandhi as voorbeeld van iemand wat hom nie met korttermyn-winsbejag besig hou nie, maar die Idee vooropstel waarna gestrewe moet word. Dié Idee vereis 'n intellektuele tug wat innerlike vryheid ontwikkel, "wat vir die Afrikaner net so nodig [is] as sy staatkundige vryheid".[26]

24 *Die Afrikaanse Gedagte*, Voorwoord.
25 *Die Afrikaanse Gedagte*, 8.
26 P J Nienaber, *Afrikaanse skrywers aan die woord*, 187.

Sentraal tot Van den Heever se beskouinge is sy opvatting van kultuur. Dit is geleë in die gees en denkvorme soos dit veral in die historiese ontwikkelingsgang tot uitdrukking kom. Hoe sterk die invloed van die gedagtes van sy tyd op hom was, blyk duidelik uit sy klem op die belangrikheid van die mens se aardse bodem in die vorming van sy kultuurwaardes. Daarom praat hy van die Afrikaanse kultuur as gewortel in 'n Boerebeskawing wat deur sy gebondenheid aan die aarde, "waarmee hy misties verenig is deur 'n donkere liefde", karakter en gestalte openbaar. Die proses van verstedeliking gaan gepaard met 'n verengelsing van die Afrikaanse gees en denkvorme. Taalsuiwerheid is belangrik:

> deur die invreting van Engels ontstaan 'n mengelmoes van taal in die stede wat afgryslik in ons ore klink. Ons besef nog nie genoeg dat om 'n mengelmoes van taal te gebruik waarin plat uitspraak hoogty vier, beteken om onbeskaafd te wees, want dit verraai op watter geestesplan die spreker staan.[27]

In 'n land met botsende en mededingende kulture is dit egter belangrik dat die kultuur met waardigheid bevorder word. Waardigheid vereis 'n verdraagsaamheid wat nie 'n anglofobiese onderbou het nie, maar 'n eg eiesoortige. Daarom is die posisie van Afrikaans vergelykbaar met die posisie van Latyn in die Romeinse Ryk tydens die kulturele oorheersing van Grieks, met die ondergeskikte posisie van Engels teenoor Frans in Engeland tot 1362, met die posisie van Duits teenoor Frans in Europa tot in die neëntiende eeu en met die posisie van Nederlands teenoor Frans in België. Kleiner kulture se toekoms lê in hulle taal en Afrikaans sal homself kan handhaaf as die sterk geesteskragte om dit te verseker, daar is.[28]

Waardigheid vereis ewewigtigheid tussen waardering vir ander kulture en 'n kritiese besef van die magsfaktore wat die bestaan van 'n eie kultuur bemoeilik. Die aanwesigheid van 'n minderwaardigheidsgevoel is 'n verlammende faktor. Teoretisering oor wat dit beteken om Afrikaner te wees is belangrik, maar dit kan maklik daartoe lei dat "'n groot deel van ons sonder remme" optree. Die teorie moet gespeen wees aan die werklikheid en die werklikheid in Suid-Afrika

27 *Die Afrikaanse gedagte*, 25.

28 *Die Afrikaanse gedagte*, 118-9. Kyk veral na *Die stryd om ewewig*, 134-69 waar hy die vraag bespreek "Sal Afrikaans bly voortbestaan?".

noodsaak die naasbestaan van verskillende kulture. Pogings om Afrikanerwees met 'n enge definisie te omskryf is verdorrend, omdat dit die verskeidenheid wat binne die Afrikaanse wêreld bestaan nie erken en nie ruimte daarvoor laat nie. Tussen hierdie verskeidenheid is daar 'n bindende kern, 'n Afrikaansheid wat beteken om 'n "ontroering te voel dat ons nêrens elders op die wêreld wil lewe nie".[29]

Die ideaal vir die Afrikaanse Gedagte in die jare dertig en daarna is om die taal in te dra op alle gebiede van die gemeenskapslewe. Die skeppende werk van die kunstenaars en die beoefening van die wetenskap ter wille van die wetenskap is daarom die opgaaf van die toekoms. Daarvoor is mededinging noodsaaklik. In sy opstel "Die steil pad"[30] wys hy op die noodsaaklikheid om die Ander — mens, kultuur, tradisie — te leer ken en te verstaan sonder om die slaaf daarvan te word. Daarom waarsku hy reeds in hierdie stadium teen die opkoms van Amerikanisering waardeur geen begrip vir die ander bestaan nie behalwe in soverre dit vir eie gewin ingespan kan word. Die besef van die waarde van die lojale kritikus, wat so sterk by Van Wyk Louw sou figureer, is reeds vroeg by Van den Heever aanwesig. Hy spreek hom sterk uit teen die gevaar van oppervlakkigheid en etikettering wat dieper en minder vleiende ontledings verontagsaam.[31] Die grootste gevaar vir die kultuurlewe is die napraters en die mobiliseerders wat soek na sondebokke teen wie georganiseer kan word. Die egte kultuurmens glo dat die lewe te verwikkeld is om dit in helde en skurke, sondebokke en bedreigings te verdeel.

Dit is opvallend dat Van den Heever reeds voor Van Wyk Louw gedagtes uitspreek waarvan Van Wyk Louw later as die intellektuele vader geag sou word. Dit geld veral sy beklemtoning, reeds in 1934, dat die kultuurpraters (Van Wyk Louw sou ook van die kultuurorganiseerders praat) se weinige begrip van die wese van wat 'n kultuur is, die gevaar inhou dat die kulturele voortbestaan en groei van die Afrikaanse geesteslewe gelyk gestel word aan die verkryging van politieke en ekonomiese mag. In werke uit die jare veertig kom die invloed wat Van Wyk Louw weer op Van den Heever gehad het, duidelik na vore. Dit blyk veral uit die klem wat Van den Heever op li-

29 *Die stryd om ewewig*, 3-10.
30 *Die stryd om ewewig*, 185-245.
31 *Die stryd om ewewig*, 278-89.

berale nasionalisme, op 'n saamwees met die Ander en op die rykdom van 'n vrye kulturele erfenis lê.

3. Die Vlaamse en Nederlandse band

Van den Heever het in woord en daad hom vir die uitbreiding van kulturele bande met Vlaandere en Nederland beywer om enersyds die Anglo-Amerikaanse invloed te versag en andersins die waardes van die Westerse beskawing te versterk, sodat die Afrikaner sy vlak van beskawing kan opbou. Hy het die Vlaamse Beweging bewonder vanweë dié se sterk intellektueel-skeppende karakter in die letterkunde, die kunste en die geesteslewe in die algemeen. Hy het 'n deeglike studie van die Beweging se geskiedenis gemaak en talle leringe en voorbeelde daaruit gehaal wat hy op die Afrikaner van toepassing gemaak het. As die Afrikaner maar die hoë peil van kultuurlewe kon bereik wat die Vlaminge in staat gestel het om Franse oorheersing te oorwin, sou hy minder kleingeestig en beangs wees. Dit is egter belangrik om nie bloot 'n verlengstuk van die Europese gees te wees nie, maar 'n eie Afrikaanse inhoud daaraan te gee wat juis deur die letterkunde en die kunste se toespitsing op die werklikhede, sowel die besondere as die universeel-menslike, ontwikkel moet word. Terwyl hy die groot waarde van die lokaal-volksaardige erken soos dit ook in die Vlaamse letterkunde tot uitdrukking gekom het, moet daar na die groter menslike ervaring van die lewe gekyk word. Dit is net langs hierdie weg dat die Afrikaanse kultuur, en veral die letterkunde, langs die hoogtepunte van die Nederlandse kan bestaan.

Die Vlaamse en Nederlandse kritiek op die Afrikaanse letterkunde en geesteslewe het hy ernstig opgeneem. Veral die meerderwaardige gevoel wat Noord-Nederland teenoor Afrikaans en Vlaams-Nederlands ingeneem het, het beteken dat hulle ernstig twyfel aan die moontlikheid om hierdie twee kulture tot volwaardige selfstandigheid te lei. Die kritiek dat Afrikaans nooit sy taalbande met Nederlands moes verbreek het nie, het hy nie aanvaar nie. Die totstandkoming van 'n eie Afrikaanse taal was 'n historiese noodwendigheid.

Van den Heever het drie denkrigtings oor die toekoms van Afrikaans-Nederlandse verhoudinge onderskei: Die eerste is dat die twee so ver uitmekaar gegroei het dat alle kulturele toenadering blo-

te sentimentaliteit is en dat dit daarom kunsmatig is om, soos Van den Heever by implikasie gedoen het, soveel waarde aan kultuurbande te heg. Die tweede standpunt het geredeneer dat daar wel 'n vae gevoel van verwantskap tussen die drie lande is, en dat hulle na mekaar behoort uit te reik, maar niks word gedoen of bepleit om dit te bereik nie. Die derde standpunt was dié van diegene wat geglo het dat met harde werk en oorspronklike inisiatiewe samewerking bereik kan word en behoort te geskied. Aan laasgenoemde het Van den Heever sy tyd en kragte gewy. Met die oog daarop moes hy ook Afrikaners oortuig dat hulle nader aan die Vlaminge en Nederlanders staan as wat hulle self wou erken. Reeds in 1947 het Van den Heever voorsien dat die koninkryk België in 'n federale staat gaan ontwikkel.

In die jare dertig het die Dietse Gedagte nog sterk gelewe en Van den Heever het hom daarby geskaar. Die Dietse lande het diep historiese, kulturele en taalbande en dit moet deur sistematiese kontak en samewerking ontwikkel word. Daarom het hy hom met groot entoesiasme beywer om die Vlaamse en Nederlandse boek in Suid-Afrika en die Afrikaanse boek in België en Nederland te bevorder, om studente en studiebesoeke uit te ruil en om die Nederlandse en Vlaamse lewenswyse in Suid-Afrika te populariseer. In 'n toespraak voor die Imperiale Perskonferensie in 1935 het hy byvoorbeeld verklaar: "Die Hollander, netsoos die Engelsman, moet nie net Afrikaans *duld* nie, hy moet dit *aktief* bevorder".[32]

Vanaf 28 Oktober tot 15 Desember 1955 het Van den Heever weer 'n besoek aan Nederland gebring op uitnodiging van die Nederlandse regering. In Augustus van dieselfde jaar is hy deur die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap tot lid van die Toesigkommissie oor die Belgies-Suid-Afrikaanse Kultuurverdrag benoem.

Sy geloof dat deurlopende kontak en kruisbestuiwing tot 'n kragtige versterking van die Afrikaanse kultuur sou dien, is nie bewaarheid nie. Dit was 'n té idealistiese verwagting wat net tot universiteitsmense en 'n aantal kunstenaars beperk gebly het en nooit op straatvlak mense aangespreek het nie. Die gewone Afrikaansprekende het hom te ver verwyderd van sy Nederlandse erfenis gevoel.

32 NALN, C M van den Heever-dokumente: C M-P J Nienaber, 2 April 1935.

4. Geskiedbeskouing

In Van den Heever se denke het die taal, die letterkunde en die geskiedenis sentrale plekke beklee. As kritikus het hy 'n sterk historiese bewussyn doelbewus deel van sy benadering gemaak.[33] Die band waarmee die verlede mense bind, is die tema van sommige van sy romans. In *Gister* (1941) is die kerntema dat die invloed van die verlede altyd in mense se ganse optrede merkbaar sal wees, al soek die mens ook na nuwe lewensfere. Dit is juis deur die teleurstellings en harde slae van die lewe dat die mens tot besinning kom, wat hom in staat stel om insigte te ontwikkel. Dit is net deur loutering dat 'n suiwer lewensbeeld kan ontstaan. Daardie loutering pas hy ook op die geskiedenis van die Afrikaner toe en bring dit in vergelykende verband met die historiese ervaring van die Vlaminge. Die drie novelles in *Kringloop van die winde* (1945) vorm 'n geestelike eenheid wat drie tydperke in die Afrikaner se volksgeskiedenis verteenwoordig: die moeisame stryd en opbou van die kultuurlewe na die Anglo-Boereoorlog; die botsing tussen die Afrikaanse en Engelse kulture, waarin lelike verskynsels merkbaar geword het; laastens sy eie tyd, waarin ou Afrikaanse waardes besig is om in die stede te verkrummel en in duie te stort.

Vir Van den Heever is geskiedenis 'n spieël van die verlede waarin ons kyk om ons dade van vandag te verduidelik. Nie almal sien dieselfde beeld nie. Vir sommige is dit aangrypend en roerend; vir ander is dit betekenisloos. Die gesonde weg is die een waar die hede gesien word as maar net 'n spanningspunt tussen verlede en toekoms.[34] Hy betrek die ganse Suid-Afrikaanse moderne verlede by sy bespreking van die verlede as 'n spieël. Jan van Riebeeck se koms is 'n volksplanting, die begin van die Afrikaanse Gedagte, weliswaar "versluierd, nie kragtig en bewus nie, maar dit is daar en dit vorm die Afrikaanse volkskarakter".[35] Hy voer die ontstaan van 'n vryheidsdrang by die Afrikaner terug na die stryd teen W A van der Stel en na die Groot Trek, hoewel hy erken dat die meeste van die deelnemers aan hierdie gebeure onbewus was van die wyere implikasies van dit waarmee

33 P J Nienaber, *Afrikaanse skrywers aan die woord*, 181.
34 *Die stryd om ewewig*, 104.
35 *Die Afrikaanse gedagte*, 15.

hulle besig was. Die vryheidstrewe het vir hom verskuil gelê onder baie dinge, veral onder griewe. Maar dit het wel die onderste laag gevorm van al die Voortrekkers se beweegredes vir hulle noordwaartse trek.[36]

Aan die hand van die studies van Frederick, Dosfel en Lamberty pas Van den Heever die fases in die ontwikkeling van die Vlaamse Beweging soos volg op die Afrikaanse Gedagte toe. Aanvanklik dink die Vlaamse Beweging aan net die beskerming van Vlaams, vanaf 1900 aan die uitbreiding van die Idee van Vlaamswees in die ruimste sin van die woord en eers vanaf die Eerste Wêreldoorlog aan die skep van 'n eie nasionale staatsmag. Toegepas op die Afrikaner se geskiedenis is die Eerste Taalbeweging 'n verset teen Engels, sonder enige duidelike rigting en filosofiese formulering. Die Patriotbeweging streef na die verheffing van Afrikaans tot 'n skryftaal — tot 'n medium van uiting van die nasionale gedagte, omdat Nederlands net nie meer 'n doeltreffende afweermiddel teen die toenemende verengelsing is nie. Hulle bespot en hoon verengelsing en tart swak Afrikaners op 'n byna kinderagtige wyse uit. Ná die Anglo-Boereoorlog tree 'n ernstige fase in. Die kinderlike en die kinderagtige is weg. Lyding het verdieping gebring en dit kom tot uitdrukking in die strewe na die opbou van 'n eie letterkunde, gelei deur 'n aantale geleerdes en taalkundiges wat in Europa opgelei is. Daarom beklemtoon Van den Heever dat die Afrikaanse Beweging nooit deur die massa gedra is nie; dit is aangevoer deur besieldes, deur intellektuele kragte wat voortgedryf was deur nasionale idealisme en 'n wil tot verset sowel as 'n skeppingsdrang. Daarom lei die jare dertig die nuwe tyd in waarin Afrikaans in alle wetenskappe en op alle gebiede van die samelewing gevestig moet word.

Die Afrikaner het ernstig fouteer deur in hierdie nuwe fase in sy geskiedenis nie die waarde van kulturele eenheid en skepping bo dié van politieke lojaliteit te stel nie. Die vraag by politiek-gedrewe Afrikaners was nie wat lei tot die verfyning van ons gees nie, maar wie is aan ons kant:

> Ons gaan ons kop uiteindelike stamp, want as ons bang word om die bitter eensame pad van billikheid, ewewigtigheid en sedelike hoogheid te bewandel, sal ons kultuurlewe soos 'n voos struktuur

36 *Die stryd om ewewig*, 113.

> inmekaar stort en ons letterkunde sal nie verder kom as soetsappige speur- en liefdesverhale en flou 'natuurindrukke' of holle estetisisme in ons digkuns nie.[37]

Vandaar sy pleidooi vir onverskrokke en gesonde kritiek. Van den Heever was as lojale kritikus, iemand wat lojale verset beoefen het, 'n voorloper van Van Wyk Louw.

Dit is binne die raamwerk van hierdie geskiedbeskouing dat sy biografie oor generaal Hertzog beskou moet word. Die nuwe fase in die Afrikaanse kultuurlewe vereis dat sy innerlike vermoëns eerder as sy politieke spiere ontwikkel moet word. Daarom was Van den Heever 'n hartstogtelike ondersteuner van Hertzog se samewerkingsbeleid tussen Afrikaans en Engels. Hertzog het met groot eerlikheid die opregtheid van ander politieke leiers aanvaar — 'n opregtheid wat geskok is deur die gebeure van September 1939 wat op die skeuring tussen Hertzog en Smuts uitgeloop het. Maar Van den Heever het 'n belangrike deel van die blaam hiervoor op die Nasionaliste geplaas. Deur Hertzog nie te steun met samesmelting nie, het hulle hom en sy volgelinge as 'n minderheidsgroep aan die ander politieke magte uitgelewer.

Van den Heever was ook deel van die redaksionele span wat die bekende driedelige werk *Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* laat verskyn het.[38] Dié publikasie was 'n inisiatief van die uitgewers. Sy ideaal was dat die werk moes help om 'n kulturele nasionalisme by die Afrikaner te ontwikkel as teenvoeter vir 'n politieke nasionalisme.[39] Dit het nie geword wat hulle gehoop het dit sou nie, naamlik 'n definitiewe en gesaghebbende kultuurgeskiedenis. Dit was te eksklusief, en het 'n gebrek aan intellektuele diepgang en egte sintese vertoon. Dit het veel eerder 'n ensiklopediese as 'n vertolkende werk van standhoudende belang geword. Hoewel dit in vele opsigte verouderd geraak het, bevat die werk insigte en inligting wat die gees van sy ontstaanstyd goed verteenwoordig. Dit was vir sy tyd 'n baie ambisieuse onderneming, wat niemand kans gesien het om weer aan te durf nie.

37 *Mens en woord*, 43.

38 Sy mederedakteur was sy kollega P de V Pienaar. Die eerste uitgawe in drie dele is in 1945 deur Nasionale Boekhandel uitgegee. In 1968 het hulle 'n verkorte, enkel volume-weergawe met P de V Pienaar as redakteur uitgegee.

39 P J Nienaber, *Afrikaanse skrywers aan die woord*, 114.

5. Kultuurbevordering

Van den Heever was nie 'n orator wat mense kon mobiliseer nie. 'n Boeiende dosent of 'n knap administreerder van sy departement was hy ook nie. Sy lesings was té teksgebonde om inspirerend tot sy studente te spreek en die bestuur van die departement het hy in 'n groot mate in die hande van Abel Coetzee gelaat.[40] Hy het 'n afsku aan die propagandis gehad wat veel praat en self geen kulturele en intellektuele diepte vertoon nie. Vir 'n leiersrol in rade en komitees waar dinge losgewoel word, het hy nie sin gehad nie. Hy was basies 'n lessenaarmens, 'n betreklik geslote persoon wat die eensaamheid bo die goedkeuring van die skare verkies het. Kragvertoon was iets waarvan hy nie gehou het nie en aktivisme was nooit 'n kenmerk van sy werk nie. 'n Diepgang van kennis, 'n singewende verstaan van die basiese gesindhede en die tydlose skeppinge het vir hom die hart van die kultuurlewe uitgemaak. Erns, selfstandigheid van denke en optrede, egtheid van gevoel en ruimheid van begrip vir die eie en die andere was die kenmerke van sy styl. Wat hy vir kultuurbevordering gedoen het, het hy op sy eie, rustige manier gedoen. Sy verswakkende gesondheid na 1949, en meer as een trombose-aanval, het ook beteken dat hy min energie vir ander sake as skryfwerk gehad het. Sy deurlopende kommer oor sy kinders se toekoms en sy moeilike finansiële posisie spreek uit sy dagboek. Binne die Universiteit van die Witwatersrand was hy 'n samewerker, nie 'n dwarstrekker nie. As die eerste professor in Afrikaans-Nederlands aan die universiteit moes hy die nuwe departement, teen heelwat weerstand in, opbou en moes hy die goeie gesindheid van Engelse kollegas wen. In hoe 'n mate hy daarin geslaag het, blyk uit die feit dat hy byvoorbeeld van 1952 tot 1955 waarnemende voorsitter van die Departement Engels was. Sy persoonlike verhouding met die rektor, prof E H Raikes, was van so 'n aard dat Van den Heever diep ontroer was deur sy skielike afsterwe. Hy het hom as 'n groot vriend van Afrikaans geëer.[41] By geleentheid is hy genomineer om as Senaatsverteenwoordiger op die Raad verkies te word. Daar was 'n gevoel onder Engelssprekendes dat juis hy wat

40 Bruce Murray, *Wits: the early years* (Johannesburg: Witwatersrand University Press, 1982): 277; *Wits. The 'Open years'* (Johannesburg: Witwatersrand University Press, 1997): 237.

41 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 16 April 1955.

hom so vir samewerking tussen die twee taalgroepe beywer het, as Afrikaanssprekende tot die Raad verkies behoort te word. Toe hy egter verneem dat sy kollega en opponent in die verkiesing, prof L F Maingard, ontsteld was oor sy nominasie, het hy teruggestaan sodat Maingard onbestrede verkies kon word.[42] Hy het hom sterk teen die jingoïstiese gesindheid van baie personeellede uitgespreek en was gekant teen die wyse waarop 'n minderheidsgroep studente die studentemassa vir radikale aktiwiteite gekaap het. Waar Van den Heever en sy kollegas in die departement voorheen ondersteuners van die Verenigde Party en genl Hertzog was, en daarom in sommige Afrikaanse kringe met wantroue bejeën is, het hulle verbondenheid aan 'n universiteit wat sterk met Jannie Hofmeyr geassosieer was en na 1948 sterk teen die Nasionale Party-regering gefigureer het, nie meegebring dat hulle deur dié stroom van Afrikaanse belange afgesny is nie. So het hy en sy departementele kollegas geweier om in 1955 die petisies teen die Senaatswetsontwerp wat aan die universiteit gesirkuleer het, te onderteken.[43]

Dit is eintlik verbasend hoe Van den Heever en sy kollegas wat die Departement Afrikaans aan Wits begin het, leiers van die Afrikaanse kultuurgemeenskap in Johannesburg geword het. So het Afrikaanse studente aan Wits, met die steun van Afrikaanse personeel, in 1937 'n Afrikaanse Vereniging vir Wetenskap en Filosofie in die lewe geroep en 'n eie tydskrif, *Die Afrikaanse Denker*, uitgegee. Dit het weliswaar net twee jaar bestaan, maar was die aanleiding tot die stigting van die Fakulteit Natuurwetenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1940.[44] Met die stigting van die Afrikaanse Skakelkomitee van Johannesburg in 1934 is Van den Heever tot voorsitter en Abel Coetzee tot sekretaris verkies.[45] Die politiek het in die Skakelkomitee die oorhand gekry toe die twee Smelters in 1940 uitgewerk is en ds P S Z Coetzee tot voorsitter en Hennie Roux tot sekretaris van die Skakelkomitee verkies is.

42 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 10 Junie 1944.

43 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 23 Mei 1955.

44 E L P Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, deel 2, 157.

45 RAU Argief, Dokumente in die Hennie Roux (A7/1) en L J Erasmus (A 23) versamelings.

Op 3 Maart 1936 is Van den Heever ook tot voorsitter van die Afrikaanse Kunsvereniging gekies.[46] Hierdie vereniging is in 1923 gestig en het onder andere die jaarlikse Afrikaanse Kunswedstryd georganiseer. Hier het sy paaie 'n ruk lank met dié van W J du P Erlank gekruis, wat toe onderwyser aan die Helpmekaar Hoër Seunsskool en 'n aktiewe lid van die Kunsvereniging was. Sy vrou is as eerste voorsitter gekies van die Afrikaanse Dameskring van Johannesburg wat in 1933 gestig is.[47] Die Hertzog-regering het hom in die Radioraad benoem, 'n geleentheid wat hy gebruik het om Afrikaans oor die radio te bevorder. Hy het dikwels idees vir programme aan die hand gedoen, kontak met skrywers en geleerdes gemaak om programme op te stel, en Afrikaanse aanstellings soos die van Pieter de Waal en Gideon Roos bevorder. In belangrike opsigte was hy 'n skakel wat die radiowerk van Truida Louw en Anna Neethlingh-Pohl, asook die gereelde radioprogramme oor die Afrikaanse literatuur en die besprekingsprogramme oor kultuuronderwerpe bevorder het. In die jare vyftig het hy hom toenemend ontuis in radiogeledere gevoel.[48]

Hy het noue kontak gehad met die Afrikaanse tydskrifte en koerante in Johannesburg en het vir lank die kultuurbladsy van *Die Vaderland* behartig, veral in die tyd toe dit 'n ondersteunner van genl Hertzog en die Verenigde Party was. Weens die koerant se veranderende politieke sentimente in die jare vyftig het Van den Heever sy verbintenis as medewerker in 1955 beëindig. Sy gesondheidsprobleme in hierdie tyd was 'n belangrike meewerkende faktor, maar hy het die politieke atmosfeer by die koerant as baie troebel beskryf.[49] Hy was 'n goeie persoonlike vriend van die hoof van Nasionale Boekhandel in Johannesburg, die kultuurleier Hennie Roux, hoewel hulle verskillende politieke lojaliteite tot in die beginjare vyftig gehad het. As lid van die Johannesburgse Hospitaalraad het hy hom as die eensame Afrikaanssprekende daar bevind en dit as sy taak gesien om die hospitaalowerhede meer simpatiek in te stel teenoor die probleme van Afrikaanssprekende gebruikers. As lid van die Matrikulasieraad

46 RAU Argief, Dokumenteversameling A 14/1: Afrikaanse Kunsvereniging.
47 RAU Argief, Dokumenteversameling A 35: Afrikaanse Dameskring
48 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 28 Junie 1953.
49 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 9 Februarie1955.

het hy veral aan taal- en letterkundeonderrig aandag gegee. Hy was ook voorsitter van die Witwatersrandse Werkgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die politiek het hom 'n selfstandige en betreklik alleenstaande figuur in Afrikaanse geledere gemaak. Hy het egter die steun van Afrikaanse kollegas aan Wits en van *Die Vaderland* geniet. Laasgenoemde het juis in 1937 met 'n literêre bylaag as mededinger vir Nasionale Pers se *Die Huisgenoot* begin. Van den Heever was 'n gereelde medewerker van *Die Brandwag*, waarvan A M van Schoor tot 1945 die redakteur was. Uys Krige, wat op die redaksie van *Die Vaderland* gedien het, was vir die literêre bylaag verantwoordelik en het onder meer vir Van den Heever betrek as vaste medewerker.[50] Oor die organisering van die Afrikaanse Mynwerkers in belang van die Afrikaanse Kultuur het Van den Heever egter van ander Afrikaners verskil. Hy was gekant teen mense soos Albert Hertzog en Piet Meyerhulle se besluit om 'n Afrikanerbond van Mynwerkers te stig, omdat hy geoordeel het dat dit polities gemotiveer was om genl Hertzog en die Verenigde Party se invloed onder die mynwerkers te verswak. Hy en sy ondersteuners het hierdie optrede as strydig met die gees van samesmelting beskou.[51]

Aan die Universiteit van die Witwatersrand het Van den Heever en sy departement as 'n tuiste vir baie Afrikaanse studente aan Wits gedien. Die Afrikaanse Studentevereniging het dikwels sy leiers uit die departement se geledere getrek en Van den Heever het die agting van sy Engelse kollegas geniet. Hy het op verskillende maniere die rol van Afrikaans en Afrikaanssprekendes binne die universiteit bevorder sonder 'n groot bohaai. Dit was vir hom belangrik om die Engelssprekende Suid-Afrikaners en die Britse wêreld in te lig oor wat in en deur Afrikaans bereik en gedoen word. Hy was onder andere instrumenteel dat Wits aan die eerste redakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, prof J J Smith, in 1949 'n eredoktorsgraad toegeken het.[52]

50 J C Kannemeyer, *Die goue seun. Die lewe en werk van Uys Krige* (Kaapstad: Tafelberg, 2002): 246-7.

51 E L P Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, deel 2, 69-72.

52 J S Gericke Biblioteek J J Smith-versameling: C M van den Heever — J J Smith, 12 Junie 1949.

Sy belangrikste rol vir die bevordering van die Afrikaanse kultuurlewe het hy stellig in die Afrikaanse Skrywerskring gespeel. Hy het die inisiatief geneem om op 20 Augustus 1934 'n aantal skrywers byeen te bring om te gesels oor die wenslikheid om 'n organisasie vir skrywers te stig. Die PEN Club, wat wêreldwyd die belange van skrywers en die waarde van hulle kulturele werk probeer bevorder het, was sy inspirasie. Daar was net 8 persone by die eerste byeenkoms teenwoordig waar besluit is om tot die stigting van 'n Skrywerskring oor te gaan: Van den Heever; T J Haarhoff, professor in die Klassieke by Wits; dr P de V Pienaar en Abel Coetzee van die departemente Opvoedkunde en Afrikaans-Nederlands by Wits; Ignatius Mocke, 'n skrywer-joernalis; W J du P Erlank, onderwyser aan Helpmekaar Seunsskool; en W H Wilcocks, 'n joernalis verbonde aan *Die Vaderland*. Die amptelike stigtingsvergadering was op 10 September 1934 en Van den Heever is tot voorsitter verkies, 'n posisie wat hy tot 1954 beklee het toe hy om gesondheidsredes moes uittree. Benewens hierdie groepie inisieerders, was die eerste uitgenooide lede Van den Heever se broer Kootjie, J van Melle, P G Groenewald, W Kamp, dr Gerrit Dekker, Jan van Bruggen, Jochem van Bruggen, Willem van Heerden, dr M S B Kritzinger, David Coetzee en J Visagie.[53]

Louis Leipoldt het in die begin 'n belangrike aandeel aan die werksaamhede van die Kring gehad. Hy was op daardie tydstip die sekretaris van die PEN Club en het 'n rol gespeel om die Skrywerskring en die Klub in noue kontak met mekaar te bring. Op die eerste byeenkoms van die Kring, wat as geselsaand 'n gereelde instelling geword het, het hy oor sy ondervindinge as skrywer, joernalis en reisiger gepraat.

Die Skrywerskring was in die begin bedoel as 'n suiwer plaaslike Johannesburgse aktiwiteit. Daar is van lede verwag om die maandelikse byeenkomste by te woon; versuim om dit te doen, kon tot beëindiging van lidmaatskap lei. In 1939 is buite-lidmaatskap ingestel, spesifiek om N P van Wyk en W E G Louw as lede te kon akkommodeer. Hulle was vrygestel van die verpligte bywoon van byeenkomste.[54]

53 UNISA Argief, Aanwins 36 Afrikaanse Skrywerskring lêer 2.1: Notules.

54 UNISA Argief, Aanwins 36 Afrikaanse Skrywerskring lêer 2, Notules 1936-1939: Notule van 1 Mei 1939.

Die doel van die Skrywerskring was om die belange van Afrikaanse skrywers, veral in hulle onderhandelinge met uitgewers, te behartig; om die Afrikaanse boek te bevorder; letterkundige pryse in te stel; lesings en besprekings te organiseer. Kontak met Vlaandere en Nederland was van die begin af hoog op die agenda. In albei lande is betrekkinge met letterkundige verenigings aangeknoop. 'n Netwerk van kontakte is tot stand gebring, waar onderneem is om Nederlandse en Afrikaanse boeke wedersyds te versprei. Daar is selfs persone geïdentifiseer wat bereid was om gereeld oorsigte oor die jongste publikasies te skryf. Dié netwerk is tot die beskikking van Afrikaanse koerante en tydskrifte gestel wat, met die uitsondering van die Nasionale Persgroep, positief op die inisiatief gereageer het.[55] In 1937 is 'n komitee vir Vlaams-Afrikaanse letterkundige samewerking in Suid-Afrika en Vlaandere gestig.[56] Ook in Suid-Afrika is gepoog om die Afrikaanse boek wyer bekend te stel. So het die Joodse tydskrif *Forois* in Johannesburg 'n rubriek vir die bekendstelling van die Afrikaanse letterkunde ingestel. Die skrywer van die rubriek, J M Sherman, was ook die skrywer van 'n boekie, *Die Afrikaanse taal en letterkunde*.[57]

Die totstandkoming van die Skrywerskring en sy besluit om letterkundige pryse toe te ken, het die vraag laat ontstaan oor die werkverdeling tussen die Kring en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die Akademie het vroeg reeds die Kring om samewerking genader.[58] Daar is op samewerking veral in verband met die skakeling met Vlaandere ooreengekom. 'n Afrikaanse Skrywersvereniging het bykans terselfdertyd in Pretoria tot stand gekom, maar blykbaar 'n sukkelbestaan gevoer. Die organisering van skrywers in Pretoria en Bloemfontein het eers na die oorlog werklik op dreef gekom en in Stellenbosch eers in 1950. In hoe 'n mate die Akademie as model gedien het, blyk uit die wyse waarop die Skrywerskring in 1949 herorganiseer is sodat 'n enkele organisasie tot stand gekom het. Die Kring het nou, soos die Akademie, van die stelsel van Werk-

55 UNISA Argief, Aanwins 36 Afrikaanse Skrywerskring lêer 5 Algemene Korrespondensie: Uitgebreide korrepondensie oor die saak.

56 UNISA Argief, Aanwins 36 Afrikaanse Skrywerskring lêer 5 item 293.

57 UNISA Argief, Aanwins 36 Afrikaanse Skrywerskring lêer 5 item 277.

58 UNISA Argief, Aanwins 36 lêer 2.7 verskillende briewe.

gemeenskappe gebruik gemaak en die Pretoria Vereniging het ingeskakel as die Pretoriase Werkgemeenskap, terwyl in Bloemfontein, Potchefstroom en Stellenbosch ook Werkgemeenskappe tot stand gekom het. In 1947 het die Kring 105 lede gehad.

In 'n belangrike opsig het die Johannesburggroep Kaapse literatore voorgespring. Dit was veral die geval met die verskyning sedert 1937 van die *Jaarboek van die Skrywerskring*, waarin oorspronklike skeppende werk, literatuurkritiek en algemene artikels van kulturele betekenis gepubliseer is. Daar is veral gepoog om 'n forum te skep waar Afrikaanse skrywers en hulle werk bekend gestel kon word, die peil van letterkundige kritiek verhoog kon word en skrywers self aan die publiek voorgestel kon word. Die *Jaarboek* het Kaapse inisiatiewe wat ook in dié rigting gevoer het in bepaalde opsigte voorgespring. Die *Jaarboek* is in 1950 deur die kwartaallikse *Tydskrif vir Letterkunde*, met Van den Heever as redakteur en Abel Coetzee as sekretaris, vervang.

Van Wyk Louw het sedert 1936 gewerk aan die gedagte om 'n tydskrif vir hoogstaande letterkundige besprekings tot stand te bring. Dit het eers met die verskyning van *Standpunte* in Desember 1945 'n werklikheid geword. Anders as die Johannesburgers is *Standpunte* as 'n maatskappy en nie 'n vereniging nie opgerig. Benewens N P van Wyk Louw en W E G Louw was Izak van der Merwe (Boerneef), Fred le Roux, Jan Greshoff en later D J Opperman by die tydskrif betrokke. Die twee publikasies het duidelik in 'n kompetisie gewikkel geraak, wat dikwels persoonlike en beskoulike verskille op die spits gedryf het. Met die koms van *Standpunte* kon die Kaapse groep hulleself werklik vind en nie net doeltreffende kompetisie vir die Skrywerskring bied nie, maar op die langtermyn 'n veel interessanter, moderner en prikkelender kritiese gespreksforum skep as wat die Skrywerskring en die *Tydskrif vir Letterkunde* kon regkry.[59] Dit was eers toe prof Elize Botha die redakteurskap van laasgenoemde oorgeneem het, dat die *Tydskrif vir Letterkunde* aan statuur gewen het.

Die bestaan van die *Vereniging van die Vrye Boek*, wat ná die Skrywerskring in 1935 op Stellenbosch gestig is om jaarliks 'n verdienstelike manuskrip te publiseer, het ook 'n vorm van kompetisie ver-

59 Vgl die uitspraak van J C Kannemeyer, *Die Afrikaanse Literatuur, 1652-1986* (Kaapstad: Human en Rousseau, 1990): 105.

teenwoordig. Die VVV kon egter net vier publikasies die lig laat sien en is in sy werksaamhede gekortwiek deur die verskille tussen die Kaapstad-groep om N P van Wyk Louw en die Stellenbosch-groep om F E J Malherbe. Die VVV het in 1935 'n baie suksesvolle Afrikaanse Boekeweek in Kaapstad en op omliggende dorpe aangebied, terwyl die Skrywerskring 'n soortgelyke suksesvolle boekeweek in die Johannesburgse biblioteek aangebied het in 1938.

By sommige Afrikaanse skrywers het die Kring nie ingang gevind nie. Hoewel N P van Wyk Louw sporadies saamgewerk het[60] en in 1951 hulle afgevaardigde na die PEN-konferensie in Lausanne was,[61] was hy besonder krities oor hulle.[62] Die suidelike skrywersgroep, waaronder Opperman en N P van Wyk Louw getel het, het dikwels betreklik neerhalend van die noordelike Kring gepraat, sodat die gevoelens tussen hulle nooit konstruktief in skrywersbelang was nie. Hulle verskillende letterkundige beskouinge was waarskynlik die belangrikste rede vir hierdie wedersydse afsydigheid, maar persoonlike ambisie en eer het ook 'n belangrike rol gespeel. Literatore se evaluering van die werk van D F Malherbe en Van den Heever was een van die strydpunte. Die jonger geslag soos die Louws was baie krities oor die gehalte van hierdie twee pioniers se werk. Van den Heever en sy Kring het die opkomende jonger geslag se kritiek op hulle werk as persoonlike aanvalle op hulle beskou, terwyl N P van Wyk Louw en sy groep weer hulleself as die groot vernuwers van die Afrikaanse letterkunde beskou het.

Die Skrywerskring se verhouding met skrywers wat afsydig van hom gestaan het, is interessant. Dirk Opperman het as jong student by 'n aantal geleenthede in verband met sy navorsing vir sy proefskrif met Van den Heever, asook met lede van die bestuur van die Skrywerskring soos Abel Coetzee, gesprekke gevoer. Toe hy in 1945 onderwyser aan die Hoërskool Helpmekaar word, het hy die groep beter leer ken. In hulle geledere was daar skerp kritiek op die nuwe geslag digters wie se werk hulle graag as "duister" beskryf het. Kort na sy vestiging in Johannesburg is Opperman gevra om die Skrywerskring

60 J C Steyn, *N P van Wyk Louw*, deel 1, 153. Kyk sy bydraes in die eerste aantal uitgawes.

61 J C Steyn, *NP van Wyk Louw*, deel 2, 624.

62 J C Steyn, *NP van Wyk Louw*, deel 2, 943.

toe te spreek en hy het doelbewus as onderwerp "Duisterheid in die Afrikaanse vers" gekies. Sy later spottend-humoristiese beskrywing van hierdie ontmoeting bevestig die verdelingslyn tussen die twee benaderinge.[63] In teenstelling met sy skerp kritiek op Van den Heever in 'n artikel in *Standpunte* van Julie 1946,[64] het Dirk Opperman in sy proefskrif 'n meer gunstige erkenning van Van den Heever se digterskap gegee en sy bundel *Deining* as die voorloper van die vernuwing van Dertig beskou.[65] Anders as die Louws het Opperman nie 'n renons in CM gehad nie, maar hom as mens asook sy beste gedigte gewaardeer. Hy was ontroerd toe hy in 1957 van Van den Heever se dood verneem het.[66] Sy gevoelens was egter anders teenoor die ander bestuurslede van die Skrywerskring, by name teenoor Abel Coetzee en S Ignatius Mocke. Hulle was oor die algemeen besonder neerhalend oor die Louw-broers, Opperman en die digters van Dertig en het veral in die tydskrif *Helikon* neerhalende verwysings na hulle gepubliseer. In 1950 het Opperman dus lidmaatskap van die Kring van die hand gewys.[67] Eers op 9 Augustus 1978 het hy op Stellenbosch erelidmaatskap van die Kring aanvaar. Elisabeth Eybers en haar man het ook geweier om lede te word.[68]

Uys Krige en Jan Rabie het positiewe ervaringe van Van den Heever en die Skrywerskring gehad. Reeds in 1934 het Van den Heever en ander lede van die Skrywerskring positief op Krige se eerste gedigte gereageer. Kannemeyer wys daarop dat hulle vir Uys Krige 'n diens bewys het deur 'n lang stuk uit sy gedig "Tram-ode" weg te

63 Dit word volledig weergegee in J C Kannemeyer, *Dirk Opperman*, 109-10. Die *Jaarboek* het Opperman se voordrag in band 10/1945, 6-15 gepubliseer.

64 D J Opperman, C M van den Heever as digter (*Standpunte*, 1/3, Julie 1946, 8-18). Interessant genoeg het die twee Louw-broers heelwat verskil oor hierdie kritiese beoordeling van Van den Heever. N P het dit ondersteun, W E G het dit 'n onbillike oordeel gevind (J S Gericke-biblioteek, W E G Louw-versameling 158 L4 KR 1 nommer 20: N P — W E G, 8 Mei 1946; nommer 24 W E G — N P, 20 Mei 1946).

65 D J Opperman, *Digters van Dertig*, hoofstuk 6 met die titel "Die eerste Dertiger: C M van den Heever" (Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953): 119-60.

66 J C Kannemeyer, *D J Opperman*, 248.

67 UNISA Argief, Aanwins 36 lêer 36/5 Algemene Korrespondensie: M P O Burgers — Abel Coetzee, 23 Maart 1950.

68 Bulletin van die Skrywerskring, 1 Desember 1947.

laat, wat die teks aansienlik verbeter het.[69] In 1936 het Krige en Van den Heever mekaar die eerste keer persoonlik ontmoet toe Krige tot die redaksie van *Die Vaderland* toegetree het. Jan Rabie se eerste sketse is deur Opperman afgekeur, maar Van den Heever het vier daarvan in *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer. Die vier is later in sy belangrike bundel 21 opgeneem.[70] Van den Heever het besondere waardering vir Rabie se werk gehad en onder andere sy "Op die Berg"-verhaal as meesterlik bestempel. Daaroor was Rabie besonder gevleid, "maar ook skaam en effens verdrietig", want die verhaal is oorspronklik in Engels geskryf.[71]

Die Skrywerskring het hom met 'n hele aantal konkrete plaaslike aktiwiteite besig gehou. Daar is gereeld met die Uitgewersvereniging onderhandel oor die bevordering van skrywers se belange. Samesprekings is met die regering gevoer om subsidies vir vakkundige tydskrifte te bekom en om pensioene vir verarmde skrywers te beding. Met onderwysowerhede is gereeld geskakel oor die lys van voorgeskrewe boeke en die klem is gelê op die gebruik van meer resente Afrikaanse en Nederlandse werke. Daar is gereeld 'n verteenwoordiger na die internasionale PEN-byeenkomste gestuur en in 1950 is 'n gesamentlike vergadering met die Suid-Afrikaanse PEN gehou, waar die vraag bespreek is of 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse letterkunde kan ontwikkel. In 1952 is 'n tweejaarlikse letterkundige prys van £50 ingestel. Die eerste wenner van die prys was H S van Blerk.

Huldigingsgeleenthede vir nog aktiewe skrywers is gereël, soos dié vir Louis Leipoldt in Oktober 1944 in Johannesburg. Daar is ook gepoog om erkenning aan gestorwe skrywers te gee deur hulle werk in herinnering te roep. Vir Eugène Marais is 'n gedenkplaat by die Universiteit van Pretoria in 1941 onthul.[72] Die poging om 'n grafsteen op sy graf te plaas moes laat vaar word, omdat sy seun daarteen gekant was. In plaas daarvan is toe besluit om in die Johannesburgse Stadsbiblioteek 'n kunsgalery oor Afrikaanse skrywers te begin. Opdrag is aan Laurika Postma gegee om die eerste beeld vir hierdie ver-

69 J C Kannemeyer, *Die goue seun. Die lewe en werk van Uys Krige*, 236.

70 André P Brink, *Paryse Dagboek van Jan Rabie* (Kaapstad: Human & Rousseau, 1998): 12.

71 André P Brink, *Paryse Dagboek van Jan Rabie*, 261 (inskrywing 3 Mei 1952).

72 Bulletin van die Skrywerskring, 20 Mei 1941.

sameling te maak — van Eugène Marais. Samewerking met die biblioteek waar Anna Smith, dogter van die eerste redakteur van die *Afrikaanse Woordeboek*, prof J J Smith, in beheer van die Africana-versameling was, het nog verder gestrek. Daar is begin met die ontwikkeling van 'n kamer vir Afrikaanse literatuur in die biblioteek.[73] Die idee was dat skrywers se manuskripte hier bewaar sou word.[74] Van die plan het niks tereggekom nie en P J Nienaber sou eers daarvan 'n werklikheid kon maak toe hy die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum in 1972 in Bloemfontein tot stand gebring het. Gedenkplate, wat deur die beeldhouer Willem de Sanderers Hendrikz ontwerp is, is onder andere op die grafte van Gustav Preller, Willem Postma, J Lion Cachet, E C Pienaar, Jochem van Bruggen en A G Visser aangebring. Na sy dood ook op Van den Heever se graf.

In die laat veertigerjare het Van den Heever hom veral gekwel oor die verswakking in die gehalte van Afrikaanse tydskrifte en boeke. Dit was veral die koms van die tydskrifte *Hy en Sy* en *Fyn Goud* wat hom ontstel het. Die Skrywerskring het hom begin toespits op die bevordering van die "goeie boek". Die populariteit van die prulboek wat geen werklike letterkundige waarde het nie, die koms van boekklubs wat goedkoop sentimentele liefdesverhale aan die publiek opveil as literatuur en die toenemende voorkoms van pornografie in sogenaamde letterkunde was dinge wat teengewerk moes word. Van den Heever was dan ook die spreker op 'n byeenkoms van 20 Afrikaanse organisasies in die ATKV Raadsaal in Johannesburg oor die agteruitgang van die Afrikaanse boek. Hy is as voorsitter van die voortsettingskomitee verkies. Terwyl mense soos Ignatius Mocke met sy tydskrif *Helikon* pornografie in die leesstof wou uitban, was Van den Heever se standpunt dat die goeie boek gewoon deur kompetisie die prulle moes oorwin.[75] In September is die Goeie Boekveldtog geloods, waartydens sterk standpunte teen pornografie en prulliteratuur ontwikkel is. Ironies genoeg het Goeie Hoop-uitgewers, die verspreiders van *Hy en Sy* en *Fyn Goud*, aangebied om die veldtog

73 Bulletin van die Skrywerskring, 20 Junie 1944.

74 J S Gericke-biblioteek J J Smith-versameling: C M van den Heever — Smith, 2 Oktober 1945.

75 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywings 24 Augustus 1953 en 3 November 1953.

te ondersteun![76] Na Van den Heever se uittrede sou hierdie beweging vir die "goeie boek" al meer in die rigting van sensuur begin beweeg.

Na sy eerste trombose-aanval in 1949 het Van den Heever veel meer bewus geword van sy verswakkende gesondheid.[77] In sy dagboek word dikwels na die dood en die verval van dinge verwys. So skryf hy byvoorbeeld na aanleiding van prof Raikes se dood:

> Na sy verassing sal dit nou nie meer lank duur voor sy werke en hy ook stadig maar genadeloos aan die vergetelheid prysgegee word nie. 'n Mens kan nie anders nie as om onder die indruk van die dierlike vernietiging in die lewe te kom nie. Daar is iets so finaal en akelig aan dat jy wonder wat nog enige waarde het.[78]

'n Maand later skryf hy:

> Ek dink veel aan die ouderdom en oor die jare wat verby is. Plotseling het hierdie groot verandering nou volledig aangebreek. Temidde van 'n mens se eie probleme is daar nou die groter landsprobleme wat jou aandag vra. Ek het die drang om lank te gaan rus. Die begeerte om aktief aan baie dinge deel te neem, is nie meer daar nie. Sedert my aanval van trombose kan ek nie weer so sterk word nie.[79]

In Junie 1956 het hy weer 'n trombose-aanval gehad. Sy dagboek weerspieël die naderende dood. Hy skryf bykans onleesbaar, sukkel om te formuleer en wy sy aandag aan die dood en die sin van die lewe. Die toenemende verwerping deur jonger kritici het hom laat glo dat daar 'n agitasie teen hom gevoer word. Hy het veral Rob Antonissen en sy "groep" as "aanmatigend" beskryf, want hulle meen dat hulle al die wysheid in pag het.[80] Nadat hy 'n aanbieding van Opperman se *Periandros van Korinthe* by die Johannesburgse Tegniese Kollege bygewoon het, skryf hy:

> Die posisie op die oomblik is dat Opperman se werk buite perke opgehemel word, dieselfde wat destyds met Van Wyk Louw se werk gebeur het. Tydelik is sulke dinge natuurlik strelend, maar die vraag is hoe lank dit sal duur. En dan is die teleurstelling natuurlik baie groot as die kritiek kom soos dit noodwendig moet gebeur.[81]

76 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 9 September 1954.

77 Vergelyk ook 'n aantal gedigte in sy tweede bloemlesing *Verhalende Gedigte* (1950).

78 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 16 April 1955.

79 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 23 Mei 1955.

80 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 20 September 1956.

81 NALN, C M van den Heever Dagboek, inskrywing 5 Oktober 1956.

Dit is tragies dat Van den Heever in sy laaste jare nie kon begryp wat besig was om met die Afrikaanse letterkunde en in belangrike opsigte in die Afrikaanse kultuurlewe aan die gang was nie. Hoewel hy hom dikwels oor die toekoms van die blanke beskawing in Suid-Afrika bekommer het, het hy nooit in die rassevraagstuk of in die gebeure in Afrika 'n besondere belangstelling getoon nie. Op die betreklike jeugdige ouderdom van vyftig kwel hy hom buitengewoon oor sy persoonlike finansies en hulle huisvesting, oor sy seun se gesukkel om koers in die lewe te kry, sy dogter se miskraam is vir hom 'n traumatiese ervaring, en die spanning in sy Departement tussen veral Abel Coetzee en P J Nienaber[82] laat hom met 'n toenemende gevoel van verydeling. Hy sterf as 'n eensame mens.

6. 'n Serieuse selfstandige nalatenskap

As vandag gepoog word om Van den Heever se kultuurwerk binne die konteks van sy tyd te waardeer, is daar veral vier dinge wat opval:

- Die problematiek oor die voortbestaan van 'n klein taal naas die magtige Engelse taal is vandag weer so aktueel as wat dit in sy tyd was. Saam met talle ander het hy 'n duidelik konstruktiewe bydrae gelewer, wat egter noodwendig deur ander, nuwe benaderinge opgevolg moes word. Sy plek in die kousale verloop van hierdie taalstrewe kan nie ontken of verkleineer word nie.
- Sy ideaal om aan die Afrikaanse kultuurstrewe 'n nie-politieke en waardige inhoud en karakter te gee, het hom in 'n tyd van ruwe politieke emosies 'n baken van hoop gemaak. Die feit dat hy in 'n nie-Afrikaansvriendelike omgewing die ideale van die Afrikaanse Gedagte in die gees en met die waardes van die Wes-Europese beskawing vertolk het, het beteken dat hy 'n onmisbare skakel was in die ontwikkel van dié gedagte vanaf sy landelik-agrariese en Europese oervorm na die moderne, in-Afrika-gewortelde vorm.
- Die handhawing van hoë beskawingswaardes, die moontlikheid om jou deur jou geesteskrag te verset teen die mag van 'n oorstroming deur die massa of deur propaganda of ideologie, asook om in jou strewe suiwer te staan, is strewes van hom wat hom 'n tydgenootlike voor-en/of meeloper van Van Wyk Louw se meer ver-

82 Vgl *Tydskrif vir Letterkunde* 33/3, Augustus 1995, 18-31.

fynde en universele beskouinge maak. In die jare twintig en dertig het hy die "sterk kloof gevoel tussen die Afrikaanse strewe wat skoon en onbesoedel moet vooruitgaan en die troebel stroom klaplopers wat dit probeer inspan vir eie gewin en voordeel".[83] Daar het in hierdie tyd ook 'n kloof tussen Van den Heever en die Louw-broers ontwikkel. Albei was bekommerd oor die vervlakking wat in die Afrikaanse openbare lewe ingetree het, maar waar Van den Heever die oorsaak by die kritiek op Hertzog gesoek het, het die Louw-broers die ander kant van die saak gestel.[84] Anders as Van Wyk het hy nog nie die kragte van Afrika leer ken nie. Daarvoor was hy te besig met die interne selfverswakking van die Afrikaner. In 'n tyd toe soveel ligte vir die Westerse beskawing begin uitgaan het, het hy probeer om 'n selfstandige ligbaken te wees wat bly skyn het ten spyte van sy eie swaarmoedigheid en die donkerte wat soms gedreig het om sy gees te oorval.

- Sy konsep — die Afrikaanse Gedagte — mag dalk in die onmiddellike toekoms herleef. Dit is vry van nasionalistiese retoriek, dit is allesinsluitend, dit is non-etnies en dit sê in werklikheid dit wat die Afrikaanse deel van die Suid-Afrikaanse diversiteit is: 'n gedagte gelaai met die moontlikhede van moreel-etiese waardes en 'n inspirerende, beskeie selfbewussyn.

83 P J Nienaber, *Afrikaanse skrywers aan die woord*, 186.
84 D J Opperman, *Digters van Dertig*, 147 voetnoot 67.